# GEREELDE NAVRAE

**Hoe kry ek toegang tot die Acravest TOEP?**

Indien u epos adres op die Fonds se databasis geregistreer is, kan u self op die toep registreer, met u lidmaatskap nommer as u ''gebruiker kode''. U lidmaatskap nommer word aangedui op u voordeel staat. U identiteitsnommer sal die wagwoord wees.

Indien u steeds sukkel, kontak asseblief die Fonds per epos by admin@iretire.co.za

**Word ek toegelaat om my Fonds krediet te onttrek?**

In terme van huidige wetgewing word volle onttrekking toegelaat indien u u diens by u werkgewer beëindig, voor ouderdom 55. Indien u ouer as 55 is, kwalifiseer u vir aftree voordele.

**Word lenings uit die Fonds toegelaat?**

In terme van die sambreel Fonds se se rëels, mag die Fonds lenings vir doeleindes van eienaarskap van vaste eiendom wat bewoon word deur die lid of sy/haar afhanklikes, toestaan.

Die Fonds laat 'n maksimum van 50% van 'n lid se opgelope kapitaal toe vir doeleindes van so 'n lening. U werkgewer speel 'n integrale rol in die fasilitering van so 'n lening, wat insluit die verhaling van die maandelikse paaiemente wat van salarisse afgetrek moet word.

U werkgewer moet dus so 'n lening skema goedkeur en instem tot die administratiewe verantwoordelikhede wat daarmee gepaard gaan.

**Wanneer ontvang ek 'n belasting sertifikaat vanaf die Fonds?**

Belastingsertifikate word uitgereik wanneer voordele aan lede uitbetaal word. Hierdie sertifikate is ingesluit in die betalingsadvies wat saam met so 'n betaling uitgereik word. U bydraes tot die Fonds word aangedui op u jaarlikse belasting sertifikaat wat u werkgewer aan u uitreik.

Indien u 'n lid van 'n aftree annuïtitsfonds is, word belasting sertifikate jaarliks ten opsigte van bydraes, deur die Fonds uitgereik.

**Hoe werk ''Vrywillige Addisionele Bydraes''?**

U kan u werkgewer nader om addisionele bydraes vanaf u salaris te verhaal en oor te betaal aan die Fonds, in die normale maandelikse proses. Die addisionele bydrae sal 'n onmiddellike impak op u belasbare inkomste hê, en daarmee saam u belasting vir die maand verminder. In terme van die belastingwet mag u u belasbare inkomste met tot 27.5% (Maksimum per jaar = R350 000) verminder deur middel van bydraes tot die Fonds.

**IT 88 Eise deur SARS**

In geval u onopgeloste sake met SARS het, kan SARS 'n IT88 eis by die Fonds instel vir gelde wat deur u aan SARS geskuld word. Die eis sal dan geprosseseer word wanneer u voordele by die Fonds onttrek. Sulke eise vanaf SARS is bindend op die Fonds.

**Negatiewe beleggingsgroei aangedui op voordeelstate**

U kapitaal word belê in die finansiële markte en die waarde van instrumente waarin u belê, wissel daagliks, positief of negatief. Dit is belangrik om groei op u beleggings oor die lang termyn te beoordeel.

Verwys na BYLAE A, waar groei en wisselvalligheid van verskillende beleggingsstrategieë (ook die een waarin uself belê is), aangedui word. BYLAE A sluit ook verduidelikende notas in. Dit is belangrik dat u 'n begrip ontwikkel vir groei en wisselvalligheid in die mark.

**Onttrekkingsproses**

Onttrekkings word verwerk in terme van 'n diensvlak ooreenkoms. Neem kennis dat 'n onttrekkingstransaksie slegs verwerk kan word indien u werkgewer se bydraes tot en met u laaste werksdag, ontvang en verwerk is.

Om die proses te vergemaklik en teleurstelling te voorkom, moet u asseblief toesien dat alle voorgeskrewe dokumente vir u onttrekking volledig en akkuraat voltooi is. Die werklike ervaring van uitbetalings is dat voordele binne 4 to 8 dae verwerk en betaal word, indien al die formaliteite volledig en akkuraat afgehandel is.

HET U ENIGE VOORSTELLE OOR INHOUD WAT U GRAAG WIL LEES?

Die doel van die bulletin is om u tot hulp te wees. Ons sien uit na enige voorstelle wat u mag hê.

(081) 262 8430

communication@iretire.co.za

complaints@iretire.co.za